NG KERK
DIE PAD MET SELFDEGESLAGVERHOUDINGS

1986

SONDE

Afwykende vorm van seksualiteit. Homoseksuele praktyke en verhoudings is sonde.

1999



DEERNIS

Klem op Pastoraat op grond van menswaardigheid van alle mense (Wes-Kaap).

2002

BELEID

Etiek ook belangrik daarom rol van Bybelsetekste weer in fokus.

Formuleer beleidstandpunte oor Skrifgesag en Skrifgebruik.

2004



VERSKIL

Ten spyte daarvan dat dit blyk die Bybel die homoseksuele dade waaroor daar gepraat word as opstand teen God beskryf en as sodanig as sonde beoordeel, is daar verskil van mening of hierdie uitsprake in die Bybel van toepassing is op homoseksuele mense wat in ‘n permanente verhouding van liefde en trou staan.

Formuleer weer beleidstandpunte oor Skrifgesag en Skrifgebruik.

2007



SELIBAAT

Homoseksuele gelegitimeerdes wat ‘n selibate lewenstyl beoefen, kan tot die predikantsamp toegelaat word.

Erken die diskresie van kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes in die gees van Christelike liefde te hanteer.

2013



NOG STUDIE

Sinode vra verdere studie oor status van selfdegeslag-verhoudings, terwyl homoseksuele en heteroseksuele studente wat hulle voorberei vir die bediening in die NG Kerk, aan dieselfde Christelik-etiese standaarde moet voldoen met die oog op legitimasie. Ook ‘n verbintenis om hierdie kwessie te hanteer aan die hand van die waardes van die Seisoen van Menswaardigheid.

2015

AANVAARDING

Volle aanvaarding van menswaardigheid van alle mense ongeag seksuele oriëntasie, goedkeuring van selfdegeslag-verhoudings en die kerklike bevestiging daarvan deur gewillige predikante.

Gespreksdokument oor Ons Christelike Geloof en die (moderne) Wetenskap aan die kerk vir gebruik en oriëntering met die oog op hermeneutiek.